Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 7

1 Maart 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Nina Latham in graad 7D en hul familie met die heengaan van haar oupa hierdie week. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

TOETSREEKS
Ons graad 4 tot 7-leerlinge is besig met die toetsreeks. Maak seker dat hulle voorbereid is en genoeg slaap inkry. Sterkte aan elke leerling wat hard leer om hul beste te lewer.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING
Die verkiesing van die nuwe beheerliggaam vind op **Donderdag 7 Maart 2024, van 06:30 tot 16:00 in die skoolsaal plaas.**

Ons wil alle ouers aanmoedig om dié belangrike verkiesing van 7 Maart 2024 in die skoolsaal by te woon. **Die leerlinge wie se ouers kom stem, sal 'n positiewe inskrywing op hul kommunikasiekaarte kry.**

KOMMUNIKASIEKANALE
Die skool se hoofbron van inligting weergee is D6 en die amptelike facebookblad. Die personeel gebruik goedgunstiglik whatsapp-groepe om inligting deur te gee. U kan dit as 'n bonus herinnering sien. Personeel kan dus glad nie aanspreeklik gehou word vir inligting wat nie op die whatsapp-groepe geplaas word nie, maar wel op D6 geplaas is. Volg dus gerus D6 en die facebbookblad om op hoogte te bly van wat in die skool aan die gebeur is.

TOELATING 2025: GRADE R – 7 (BESTAANDE OUERS)
Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die Departement van Onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u 'n kind vir graad R en 1 in 2025 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

FLINKSPEL
Die borgvorms is reeds aan die leerlinge gegee waarop u u kind per woord wat reg gespel is, kan borg. Die vorms moet asseblief op die laaste Dinsdag, 5 Maart 2024 aan die klasonderwyser/es terug besorg word. U kind leer die woorde vooraf tuis en dan word dit op **Vrydag, 8 Maart 2024** in die klasse geskryf. Nadat dit gemerk is, ontvang u die borgvorm waarop u dan sal sien hoe u kind gevaar het en hoe diep u u hand in u sak sal moet steek vir die aantal korrek, gespelde woorde.

Ons wil u aanmoedig om hierdie projek te ondersteun. Die minimum bedrag wat u borg is 50c per woord/klank vir 20 woorde/klanke. Die graad 1-leerlinge gaan klanke doen en hulle gaan per klank geborg word. Ons hoop op 5 borge (R50) of meer per leerling!! Alles in u kind se belang!!!

Daar is ‘n beloning vir die **klas** wat die beste gaan vaar met fondse in die grondslagfase sowel as die seniorfase. ‘n Prys vir die **wenklasse** is ook op die spel sowel as **‘n prys vir die leerling met die meeste borggeld in elke fase**.

TENNISBAANSLEUTELS
Indien ouers met hul kinders na ure en op Saterdae wil oefen kan hulle ‘n tennisbaansleutel teen R250 vir die jaar by die skool aankoop. **Indien jy reeds ‘n sleutel het, kan jy vir ‘n bedrag van R200 jou ou sleutel vir ‘n nuwe een by die skool kom omruil.** Daar is sekere reëls wat nagekom moet word indien u ‘n sleutel koop. Ons gaan die slotte op Maandag, 4 Maart 2024, vervang.

VERLORE KLERE
Ons doen ’n ernstige beroep dat u by u huis sal kyk of daar nie dalk ander kinders se klere by die huis is nie. Indien wel, sal ons dit waardeer as u dit so spoedig moontlik na die kantoor kan bring. Ons waardeer u samewerking in hierdie verband.

VAKANSIENASORG: MAART/APRIL 2024
Die beheerliggaam het daartoe ingestem dat ons ‘n opname maak om vas te stel hoeveel ouers ‘n daadwerklike behoefte het om tydens die Maart/Aprilvakansie van ons nasorgdiens gebruik te maak. Dit kan slegs aangebied word indien daar ten minste 10 kinders is wat daarvan gebruik wil maak.

Die voorgestelde tydperk is:
1. **Vrydag, 22 Maart 2024 tot Donderdag 28 Maart 2024 (5 dae). (Skole sluit Woensdag, 20 Maart 2024 en heropen Woensdag, 3 April 2024)**
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. 07:15 tot 17:30, stiptelik te eerbiedig.

Die tarief beloop R450, per kind, en R850 vir 2 kinders vir die vyf (5) dae. Die bedrag is vir die volle tydperk, vooruitbetaalbaar.

Daar is beperkte spasie. Sperdatum vir aansoeke is Vrydag, 8 Maart 2024.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2024
Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **'n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (Graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2024 sal 'n 5% korting toegestaan word.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 4 Maart : Klerewinkel: **07:30 tot 12:00**
TOETS: NW/TEG graad 4 tot 6
TOETS: KK graad 7

Di – 5 Maart : Senior koor: **07:25 tot 08:00**
TOETS: AFRIKAANS graad 4 tot 6
TOETS: LO graad 7
Tennis: Snr A Seuns teen Clarendonpark B **(w)**
Tennis: Snr B Seuns teen Charlo B **(w)**
Tennis: Snr C Seuns teen Greenwood **(w)**
Tennis: Jnr A Seuns teen Theodor Herzl **(t)**
Tennis: Jnr B Seuns teen Clarendonpark **(t)**
Krieket: 0/9 A+B teen Dr. Viljoen **(w)**

Wo – 6 Maart : Junior koor: **07:30 tot 08:00**
Klerewinkel: **12:00 tot 14:30**
TOETS: SW AARDRYKSKUNDE graad 4 tot 7
Krieket: 0/13A teen Charlo A **(w)**
Krieket: 0/13B teen Sydenham A **(t)**

Do – 7 Maart : Senior koor : **07:25 tot 08:00**
TOETS: LV graad 4 tot 6
TOETS: EBW graad 7
Tennis: Snr A Meisies – **Loslootjie**
Tennis: Snr B Meisies teen Collegate D **(t)**
Krieket : 0/11B teen Altona A **(t)**
Beheerliggaamverkiesing (1) van 07:00 tot 16:00 (skoolsaal)

Vr – 8 Maart : Junior koor: **07:30 tot 08:00**
Klerewinkel: **07:30 tot 12:00**
Flinkspel skryf
Despatchfees: 0/13 Rugby teen Sonop 14:15
***Kennis van beheerliggaamverkiesing (2)**

Sa – 9 Maart : *** Juf. Mari Blom verjaar**

SPORT EN KULTUUR

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
26 Februarie	0/13A	Charlo	Charlo kolf eerste en teken 115 vir die verlies van 5 paaltjies in 20 beurte aan. LNP kolf tweede en teken 116 vir die verlies van 8 paaltjies in 19.4 beurte aan. LNP wen met 2 paaltjies. Ons manne het deurgedruk en uitstekend met 'n vergtersgees tot aan die einde gespeel. **Beste bouler:** Jordan Hendricks neem 3 paaltjies vir 13 lopies **Beste kolwer:** JC Nortman slaan 46 lopies. 5 6'e en 2 4'e
27 Februarie	0/9A	Charlo	LNP teken 18 lopies aan en verloor 2 paaltjies. Charlo teken 22 lopies aan en verloor 2 paaltjies. Charlo wen 11 teen oor 9

27 Februarie	0/9B	Charlo	LNP teken 14 lopies aan en verloor 3 paaltjies. Charlo teken 7 lopies aan en verloor 4 paaltjies. LNP wen 4.6 teenoor 1.75
28 Februarie	0/13A	Priory	Priory kolf eerste en teken 90 aan. LNP kolf tweede en teken 92 aan en wen met 4 paaltjies. **Beste kolwer:** Roelof Campher met 33 lopies **Beste bouler:** Jordan Hendricks met 3 paaltjies vir 19 lopies.
29 Februarie	0/11A	Priory	LNP kolf eerste en teken 131 lopies aan vir die verlies van 4 paaltjies. Priory kolf tweede en teken 62 aan, almal uit. LNP wen met 69 lopies. **Beste kolwer:** Jayden Gouws 43 lopies, nie uit nie. **Beste bouler:** Christiaan van Rooyen met 6 paaltjies vir 7 lopies

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
26 Februarie	Senior A seuns	Jeffreysbaai	LNP wen Jeffreysbaai oortuigend
29 Februarie	Senior A meisies	Blouwaterbaai	LNP wen met 1 pot
29 Februarie	Senior B meisies	VP Grey	LNP wen met 21 potte

SWEM

Die onderstaande leerlinge het Laerskool Newtonpark se naam hoog gehou in hulle onderskeie ouderdomsgroepe by die C-gala swembyeenkoms wat op 17 Februarie plaasgevind het.

Hulle ontvang almal ‘n deelname lint:

- Anina Visagie
- Emma Moore
- Milan van Wyk
- Liané Niewenhuizen
- Donae Niewenhuizen
- Jani van Wyk

Die volgende leerlinge ontvang ook ‘n deelname lint en het in die Top 5 van hulle ouderdomsgroep geeïndig:

Duvan Esterhuizen:

- 1ste in 25 m vlinderslag.
- 2de in 25m Vryslag
- 3de in 25m rugslag
- 4de in 25m borsslag

Ryan Erasmus:
- 5de in 25m borsslag
- 5de in 25m Vryslag

Danie Myburgh:
- 5de in 25m Borsslag

Chandré Strydom:
- 1ste in 25m Vryslag

Baie geluk, julle!

SKAAK
Sebastian Kapp in graad 6H het verlede naweek aan Hoërskool Pearson se skaaktoernooi teen hoërskool leerlinge deelgeneem en ‘n eerste plek in sy afdeling behaal. Baie geluk, Sebastian!

FRAMESBY NETBALKLUB-TOEKENNINGS
Chené Koekemoer in graad 7D het verlede jaar by die Framesby Netbalklub aangesluit en was toe as hulpdoel vir die 1ste span in hulle afdeling verkies. Gedurende die netbalseisoen het hulle teen ander klubs gespeel en daarna het sy toe ook in hulpdoel-posisie vir die Framesbyklub in die Aksie-Netbaltoernooi (10 weke toernooi) gespeel.

Chené het Saterdag, 24 Februarie tydens hul prysuitdeling die volgende prestasies behaal:

1) Social 1ste span – medalje
2) Netbalspeelster van die jaar – medalje
3) Aksie-Netbalspeelster van die jaar – medalje

Nina Latham in graad 7D het ook verlede jaar by die Framesby Netbalklub aangesluit en was toe as AV/VV vir die 1ste span in hulle afdeling verkies. Gedurende die netbalseisoen het hulle teen ander klubs gespeel en daarna het sy toe ook in hierdie afsonderlike posisies vir die Framesbyklub in die Aksie-Netbaltoernooi (10 weke toernooi) gespeel.

Nina het Saterdag, 24 Februarie tydens hul prysuitdeling die volgende prestasie behaal:

1) Social 1ste span en spangees – medalje

Hartlik geluk, meisies!